

## SARS neem 'n voorkomende benadering te midde van toenemende Covid-19-gevalle

**Tshwane, Donderdag 24 Junie 2021** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem met diep kommer kennis van die rampspoedige impak van die derde vlag van die Covid-19-pandemie. Die sewe-dag wisselende gemiddeld van positiewe Covid-19-infeksies, het nou 12 000 gevalle verbygesteek. Op 'n enkele dag, 23 Junie 2021, is 17 493 nuwe positiewe gevalle aangemeld en 166 sterftes. Ons spreek ons opregte simpatie uit teenoor diegene wat treur. Menige van ons eie geliefdes, vriende en kollegas is geaffekteer.

Ingevolge die Wet op Rampbestuur, bly die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) 'n noodsaaklike diens. Ons lê nog altyd klem op die noodsaaklikheid om die deurlopendheid van dienslewering en die risiko van transmissie te balanseer.

Met stygende infeksiegevalle en die begin van die hoogtepunt van die derde vlag van die pandemie, het ons besluit om ons takke tydelik te sluit vir fisiese besoeke vanaf Donderdag 1 Julie 2021. Ons is in staat om dit te doen omdat SARS se digitale platforms, soos bewys gedurende die hoogtepunt van die tweede vlag, belastingpligtiges in staat stel om steeds hul verpligtinge aanlyn na te kom.

Dis belangrik om daarop te let dat die sluit van takke nie die begin van die belastingseisoen vir individue, wat gewoonlik deur eFiling of die SARS MobiApp indien, sal kniehalter nie. Sodanige belastingpligtiges word aangemoedig om steeds digitaal in te dien vanaf 1 Julie 2021.

Indiening by takke sal NIE op 1 Julie 2021 begin nie. Op hierdie stadium, beplan ons om fisiese besoeke aan takke op 16 Augustus 2021 te hervat, maar sal hierdie plan deurgans hersien. Belastingpligtiges word aangeraai om nie SARS-takke te besoek nie. Die takke sal gesluit wees totdat 'n aankondiging gemaak word wat die heropening bevestig.

Terwyl die takke gesluit is, sal belastingpligtiges wat hulp nodig het om aanlyn in te dien, telefonies gehelp sal word deur toegewyde SARS-personeel.

Alle doeane-hawens-van-binnekoms sal oop wees vir voorlyn doeanebedrywighede, maar nie vir aangesig-tot-aangesig kliënte nie, behalwe vir klaring- en inspeksiedoeleindes.

In lyn met ons gestelde toegewydheid om ons stelsels te moderniseer en om dit maklik te maak vir belastingpligtiges om hul belastingverpligtinge na te kom, is ons steeds toegewyd daartoe om tegnologie te gebruik om voortgesette dienslewering aan ons belastingpligtiges te verseker op 'n wyse wat die veiligheid van ons werknemers sowel as belastingpligtiges verseker.

Ons herinner die publiek aan die volgende:

- Virtuele afspraak kan gemaak word op die SARS-webtuiste deur die volgende skakel: <https://www.sars.gov.za/contact-us/make-an-appointment/>; of deur 'n

SMS te stuur aan 47277 met die woord "Booking" en jou ID-, paspoort- of asielsoekerspermitnommer; en 'n SARS-agent sal jou kontak om 'n afspraak namens jou te maak.

- Belastingpligtiges kan van ons digitale platforms gebruik maak op [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za).
- Die SARS-kontaksentrum (0800 00 7277) sal steeds enige navrae van die publiek hanteer.

SARS sal voortdurend die ontvouende Covid-19-pandemie monitor en alle Suid-Afrikaanse belastingpligtiges ingelig hou van veranderinge aan hierdie reëlins.

Vir meer inligting, kontak [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).